


Die Koringaar



NG Kerk Koringberg

8 November 2020

Teks: Filippense 3:1-11

Chasing the Son

“Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood.” – Fil. 3:1-11

Kersfees is aan die kom. Dit is die tyd van die jaar waar mense alles wat op hulle wenslys is probeer aanskaf. Daar is ook ander dinge wat ons voor wens. Baie van ons het miskien onlangs *Chasing the sun* gekyk, die dokumentêr oor die Springbokke se pad na die Wêreldbeker oorwinning. En daarin word vertel hoe baie jong seuns se wens is om eendag die Springboktrui oor hulle kop te trek.

Miskien assosieer dit met jou, die wens om 'n Springbok te word. Paulus skryf aan die Filippense oor sy wenslys: ek het alles gehad waarvoor enige mens kon wens sê hy. Ek is besny op die 8ste dag, ek is 'n Israëliet, 'n Fariseër. 'n Onberispelike mens. Geleerd. Gesiene. Maar ek het dit alles afgeskryf. Ek wens niks meer nie. Ek beskou alles as 'n verlies. Ek het net een wens: Dat ek Christus kan ken. Is dit hoe jou wenslys klink?

Hier het ons die wens van alle wense. Dit waarvoor ons werklik geskape is. Waarna ons bowenal moet strewe. Selfs al ken jy Christus vanoggend, wil ek jou steeds aanmoedig om met dieselfde begeerte aangedryf te word, en om vorentoe te beweeg en saam met die apostel te wens: *“Dat ek hom kan ken.”* Hoeveel is daar nie wat van Christus gehoor het en van Christus gelees het, en dit is genoeg vir hulle! Moet nie tevrede wees daarmee om te dink jy ken Christus of net te hoop jy ken Christus nie. Maar ken Hom.

VOORBIDDING

Ons dink in ons gebede aan almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling. Marie Kellerman, Alwyn Hanekom.

Voorbidding word veral ook gevra vir die oestyd.

Verjaarsdae: 10/11 – Jaco Nel; 14/11 Pippa le Roux en Hennie Pretorius

Deuroffer: Plaaslike eiendomme

Ons wil ons opregte dank betuig teenoor almal wat verseker dat ons bediening hier kan voortgaan en wat vanjaar in moeilike omstandighede na – en bo vermoë bygedra het vir die Basaar en deur dankoffers. Van die 8 gemeentes in die ring was Koringberg naas Redelinghuys verlede jaar die gemeente met die hoogste bydrae per lidmaat –dit wil gedoen wees. Mag die Here ons gemeente vanjaar weer hierin help: ons dank aan Hom en aan elkeen van julle vir meelewing en bydraes.

GEMEENTEBEDIENING

Kategese: Hervat weer vanoggend.

Jongwerkendes Bybelstudie: Hervat weer volgende jaar of na die oestyd as almal nie reeds op vakansie is nie.

Midweek Bybelstudie: Woensdag om 09:30 aan huis by Nick en Hester Truter (Hoofstraat).

WhatsApp: Om deel van die gemeente se WhatsApp groep te wees kontak asseblief die kerkkantoor of ds. Nel.

Teebeurte: Almal wat bereid is om tee te maak en te bedien na die diens kan asb. vir Karin Theron kontak (082 578 2294).

Gasvryheid: As jy bereid is om die Koringaar nuusbrieff by die deure uit te deel voor die diens, kontak asb. vir ds. Nel.

BARMHARTIGHEID

Sopkombuis: 2 dae per week vir voorskoolse kinders in gemeenskap. Skenkings is altyd welkom, kontak vir Hester Truter (082 436 8987) vir navrae.

Kosbank: Kospakkies vir behoeftiges in ons gemeenskap. Kontak vir Andrea Truter vir enige navrae (082 328 1089) hieroor.

Klerebank: Skenkings vir klere, skoene en komberse om onder behoeftiges te versprei is welkom. Kontak vir Bregda Mostert (083 597 0091)

Dagsorg : Ons vroeë kinderontwikkeling projek by die POP sentrum. Kontak vir Peter Fourie vir navrae (082 862 8686).

ACVV: Die senior burger koringklub fokus op weeklikse programme vir senior burgers in ons gemeenskap. Kontak asb. vir Lize Steyn (082 263 9434) vir navrae.

Nal'ibali: Ons gemeenskap leesprojek vir kinders. Kontak vir Lize-Maré le Roux (061 109 9336) vir navrae.

TAFELGESPREK

Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag

tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c).

BELANGRIKE DATUMS

22ste November: Kategese afsluiting en sertifikaat oorhandiging

28ste November: Kerssangdiens 18:00

15de Desember: Skole sluit

NG Kerk Koringberg

FNB Rek. no. 621 390 582 27

Kerkraad:

Dorp: ouderling Flip Botes (083 633 2662) & diaken Emden Vosser (083 655 2414).

Hooggeleë : ouderling Kobus Dippenaar (082 897 2490) & diaken Marnus Engelbrecht (083 659 8327).

Bergrivier: ouderling Andre Kritzinger (078 255 8245) & diaken Ryno Olivier (083 411 0312)

Klipvlei: ouderling Christoff Truter (083 346 4912) & Barend Brand (076 372 1010).

Leraar: Ds. Jaco Nel: Pastorie: 065 576 2986; Epos:
nelpetrusjacobus@gmail.com.

Kommissie voorsitters:

Vrouediens: Adèle du Toit (083 954 9524)

Plaaskommissie: Arnold Brand (083 285 7812)

Personeel:

Skriba/ kassiere: Lize Steyn: Sel: 082 263 9434; Epos:
ngkkoringberg@gmail.com

Koster: Gert de Waal: 078 375 9549

Faktotum: Mirriam du Plessis: 082 743 6617

Kerkkantoor oop Woensdae 13:00 – 17:00

Facebook: www.facebook.com/Koringberg-NG-Kerk

Webtuiste: koringberg.ng.org.za